

Die Lam en die 144 000 op Sionsberg (OP9)

Openbaring 14:1-5

13 September 2020

Die afgelope drie weke het ons na drie visioene gekyk wat Johannes gesien het. Die inhoud van die drie visioene was beskrywings van die groot vuurrooi draak, d.w.s. die duiwel, die dier uit die see met die sewe koppe, tien horings en tien heerserskrone met godslasterlike name op sy koppe en die dier uit die aarde – 'n lam met twee horings wat praat soos 'n draak. Ons het gesien hierdie drie is kop in een mus, en werk teen God, die Lam en die Heilige Gees. Hulle teiken die bewoners van die aarde, en stry teen die vrou, d.w.s. die kerk. Alhoewel daar in hierdie visioene aanduidings was van God se versorging en bewaring van die kerk, kan hierdie visioene mens mismoedig, miskien selfs beangs, maak. Vanoggend kom ons by 'n vierde visioen – en die doel van hierdie visioen is om die gelowiges opnuut die versekering te gee van die sekerheid van hulle bestemming.

Hierdie vierde visioen word beskryf in Op 14:1-5. Dit handel oor Johannes wat die Lam en die 144 000 saam met die Lam op Sionsberg gesien het. Laasweek het ons oor die getal van die dier, d.w.s. 666, gepraat. Netsoos wat daar uiteenlopende opinies is oor 666, is daar ook verskillende sienings oor die 144 000. Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat ek Openbaring interpreteer volgens die amillennialistiese interpretasie. Daar is egter verskeie ander interpretasies, met groot name wat hulle ondersteun. Sommiges is, wat my aanbetref, meer aanvaarbaar as ander. Ek gaan egter nie by die detail van al hierdie interpretasies stilstaan nie. Ek hoop egter om dit wel duidelik te maak dat die amillennialistiese interpretasie 'n verantwoordelike interpretasie is, ook as dit kom by die 144 000. Vanoggend wil ek dus na die volgende punte kyk:

- Wie is die 144 000? Wat karakteriseer die 144 000?
- Implikasies vir ons

Wie is die 144 000?

In hierdie paar verse word daar heelwat inligting gegee oor die 144 000. Ek wil dit vergelyk met heelwat ander beskrywings wat ons elders in Openbaring, asook die res van die Skrif vind:

In die eerste plek sien ons in vers 1 dat die 144 000 mense by die Lam staan. Natuurlik is die Lam Jesus, dit is die Lam wat geslag is. Waar is Jesus? Volgens Op 5:6 is dit duidelik dat Jesus voor (NAV, letterlik in die middel van, OAV) die troon van God is, omring deur die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge. Jesus is dus in die hemel. Immers, toe Hy weggeruk is hemel toe, het Hy die troon bestyg en aan God se regterhand gaan sit. As die 144 000 by die Lam is, moet ons dus verwag dat hulle ook daar in die hemel sal wees.

Maar vers 1 leer ons meer. Ons lees dat die Lam en die 144 000 op Sionsberg staan. Wel, waar is Sionsberg? Die fisiese Sionsberg is natuurlik 'n heuwel in of by Jerusalem. Maar wat is die betekenis wat die Bybel heg aan Sionsberg? Kom ons begin by Ps 2:6 – hier lees ons dat dit op Sionsberg is wat die koning gesalf sou word. Die koning waarvan hier gepraat word, is natuurlik Jesus, die Lam. Wel, waar het Jesus sy koningskap aanvaar? Lees Hand 13:32-33. Tog sekerlik met Sy troonsbestyging – toe Hy opgevaar het hemel toe, en daardie boekrol uit die hand van die Vader gaan neem het. Dit lyk dus of Sion ook verwys na die hemel, waar Jesus aan God se regterhand sit.

Lees 2 Kon 19:29-31. Hier maak God 'n belofte aan Hiskia tydens die beleg van Jerusalem deur Sanherib van Assirië, dat daar 'n oorblyfsel sal oorbly van die mense in Jerusalem en Sionsberg. Let op die assosiasie tussen die twee. Ons lees van dieselfde assosiasie tussen Jerusalem en Sion in Jes

4:3-4 – weereens word verwys na die mense wat God bewaar en reinig. Joël 2:28-32 beskryf dieselfde – uitkoms en redding op Sionsberg en Jerusalem. Wanneer gaan hierdie profesie in vervulling? Petrus se preek met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:17-21) maak dit duidelik dit het toe begin gebeur.

Die punt is dit: Op 14:1 sê Jesus staan op Sionsberg. Ps 2 sê Jesus word koning op Sionsberg. Op 5 sê Jesus se troonsbestyging gebeur in die hemel. Hand 13 bevestig Ps 2 verwys na die gebeure met Jesus se eerste koms. Jesus staan dus sedert Sy troonsbestyging op Sionsberg, d.w.s. in die hemel. Op 14:1 sê egter die 144 000 staan by Hom. Wel verskeie Ou Testamentiese profesieë verwys spesifiek na diegene wat gered gaan word op Sionsberg en Jerusalem, onder andere Joël. Petrus (Hand 2) maak dit egter duidelik dit is besig om vervul te word sedert die uitstorting van die Heilige Gees. Openbaring het ons nou ook al geleer dat as die gelowiges sterwe, eindig hulle siele in die hemel (oopmaak van die vyfde seël) – waar Jesus is, dus op Sionsberg. En onthou die konneksie tussen Jerusalem en Sion in die profesieë, en onthou ook Op 21:2 wat die gelowiges beskryf as die nuwe Jerusalem wat juis uit die hemel op die aarde neerdaal. Dan lyk my dit klop alles dat wat Johannes hier sien is hoe die gelowiges na hulle stryd hier op aarde by Hom in die hemel bymekaar kom op Sionsberg, en wag om eventueel as die Nuwe Jerusalem uit die hemel op die aarde neer te daal.

Ons leer egter nog meer van die 144 000 in vers 1. Hulle is die mense wat die Naam van die Lam en van die Vader op hulle voorkoppe het. Ons het al vantevore hiervan gelees. Kom ons herinner onself wat ons elders hiervan lees:

- Op 3:12 – Hier lees ons dat elkeen wat die oorwinning behaal die Naam van God, die naam van die Nuwe Jerusalem en die Naam van die Lam ontvang. Dit sou dus klop as ons verstaan die 144 000 is al die gelowiges.
- Op 7:2-4 – Hier lees ons dat dit juis die 144 000 is wat gemerk is met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe. Toe ons destyds na hierdie gedeelte gekyk het, het ons gesê hier het dit verwys na die gelowiges tydens hulle stryd op aarde om die vraag van die ongelowiges te beantwoord oor wie staande sal kan bly wanneer God se oordeel aanbreek. Wat Op 14:1 nou sê as bemoediging aan hierdie mense is dat hulle wel by die Lam op Sionsberg gaan eindig – juis omdat hulle die seël op hulle voorkoppe het. Ja, dit is so dat Op 7 die 144 000 beskryf as 12 000 uit elke stam van Juda – maar dit is tog so dat die ware Israel van die Ou Testament in die Nuwe Testament ontwikkel na die ware kerk.
- Op 21:12 en 22:4 – Hier word die Nuwe Jerusalem beskryf as ‘n stad met 12 poorte wat na die 12 stamme van Israel verwys, en met 12 fondamente wat na die twaalf apostels verwys. Dit suggereer weereens dat die Nuwe Jerusalem na die gelowiges in die Ou en Nuwe verbond verwys. In Op 22:4 word spesifiek gesê dat die inwoners van hierdie stad God (of die Lam) se Naam op hulle voorkoppe sal hê.

Duidelik bevestig hierdie verwysings dat die 144 000 die gelowiges deur die eeue heen moet wees.

Volgens Op 14:2-3 het Johannes ook ‘n geluid gehoor vanuit die hemel. Dit moes ‘n indrukwekkende geluid gewees het – dit het geklink soos ‘n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Boonop het dit ook geklink na siferspelers wat op hulle sifers speel en dan blyk dit dat hierdie 144 000 saam met hierdie geluid ‘n lied sing – juis voor die troon, die 4 lewende wesens en 24 ouderlinge, wat dus bevestiging is dat Sion in die hemel moet wees. Dit moes ‘n skouspel wees. Dink jou dit in: 144 000 sing saam. Ek het ‘n CD waar ‘n koor van 10 000 mense sing. Kan jy jou indink daar is 144 000 wat sing. Natuurlik is 144 000 simbolies – as jy die tweede gedeelte van Op 7 lees, word hulle beskryf as ‘n groot menigte! Maar ons het al vantevore gelees van siferspelers en ‘n

nuwe lied – lees Op 5:8-9. Hier het onder andere die 24 ouderlinge (vertegenwoordigend van die kerk deur die eeue) ook op sifers gespeel en 'n nuwe lied gesing net toe die Lam die boekrol uit die hand van die Vader neem, en dit is ineengewef met die gebede van die gelowiges. Dit bevestig weereens dat die 144 000 al die gelowiges moet wees.

Maar let op: hulle sing 'n nuwe lied. Hoekom juis 'n nuwe lied? Kom ons kyk na 'n paar Psalms waar ook nuwe liedere gesing word: Ps 40:3-4 – Dawid sing van sy verlossing uit die put van die dood, hy sing 'n nuwe lied. Ps 96:1-2 – Hier word gesing van God se reddingsdade, en dan sing hulle juis 'n nuwe lied. Ps 144:9-10 – Hier word gesing van Dawid se oorwinning, juis deur 'n nuwe lied. 'n Nuwe lied gaan telkens hand aan hand met redding. Maar let nou op wat gebeur in Openbaring: Die inhoud van die nuwe lied in Op 5:9-10 wat die 24 ouderlinge sing is juis dat hulle losgekoop is deur die bloed van die Lam uit elke stam en taal en volk en nasie. Kyk ook na Op 7:9-10 – hier sing die groot menigte in die hemel uit elke volk, stam, taal en nasie ook juis van hulle redding. As ons nou in Op 14:3 lees dat die 144 000 'n nuwe lied sing, wat moet die inhoud van hierdie lied wees? Tog sekerlik die feit dat hulle losgekoop is. Hulle moet tog sekerlik sing van hulle redding deur die bloed van die Lam. Kyk na die einde van vers 3: Hier word juis gesê dat dit waar is van die 144 000 – hulle is die mense wat losgekoop is van die aarde – wat weereens moet onderstreep dat hulle die moet wees wat deur die bloed van die Lam gered is. Let ook op – net die 144 000 kan hierdie lied sing. Die 144 000 kan dus niemand insluit wat nie verlos is deur die Lam nie.

In vers 4 lees ons meer oor die feit dat hulle losgekoop is onder die mense. Ons lees hulle is losgekoop as eerstelinge vir God en die Lam. Waarna verwys dit? Daar word op verskillende maniere in die Nuwe Testament na eerstelinge of eerstes verwys. Dink aan die volgende: Rom 16:5 beskryf Epenetus as die eersteling in Achaje vir Christus – bedoelende daar sal nog ander ook wees in Achaje wat Christus sal dien. Of Rom 8:23 wat beskryf dat ons die Heilige Gees as eerste gawe van God ontvang het – bedoelende daar is nog meer gawes wat ons ook ontvang. Of 1 Kor 15:20 waar Jesus beskryf word as die eersteling uit die dood – bedoelende in rang is Hy die Eerste. Kyk nou na die konteks hier in Op 14: hulle is losgekoop as eerstelinge vir God en die Lam. In Jer 2:2-3 lees ons van Israel wat as eersteling van die oes aan die Here gewys was. Dink aan die eerstelinge van die oes wat Israel aan God moes wy. Daardie deel van die oes was heilig, dus aan God gewy. Die res van die oes was “common” – algemeen, nie heilig nie. Soortgelyk hier in Op 14 – hierdie 144 000 is die deel van die mensdom wat “eerste” is, geheilig is aan God. Die res van die mensdom nie – hulle is “common”. In rang is die 144 000 eerste bo die res van die mensdom. Jak 1:18 stel dit so: “Volgens Sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van Sy skepsele kan wees”.

Ek glo dit is duidelik wie die 144 000 is. Dit is al die gelowiges deur die loop van die eeue. Hulle kom bymekaar by die Lam op Sionsberg, d.w.s. in die hemel. Hulle het die Name van die Vader en die Lam geskryf op hulle voorkoppe. Hulle is die eerste van God se skepsele, en hulle sing 'n nuwe lied oor hulle redding juis deur die bloed van die Lam.

Ons leer ook in hierdie paar verse nog meer oor hoe hierdie 144 000 mense lyk.

In Op 14:4 lees ons dat die 144 000 het hulle nie met vrouens besoedel nie en het kuis gebly. Dit is sekerlik so dat dit God se verwagting is dat Sy kinders kuis sal lewe – ook juis wat die seksuele sy van die lewe aanbetref. Maar hier word waarskynlik heelwat meer bedoel as dit. Dink maar aan Ou Testamentiese gedeeltes soos Jes 37:22 waar Israel in die OAV beskryf word as 'n jonkvrou. Of kom ons lees 2 Kor 11:2 waar Paulus vir die Korintiërs sê hy waak oor hulle want hy wil hulle graag vlekkeloos as bruid na hulle Bruidgom, dit is Christus, toe bring. In vers 3-4 is Paulus juis bekommerd oor hulle so maklik verlei kan word soos Eva. Deur wie? Die duiwel – die draak en sy

trawante waarvan ons nou so baie geleer het. Die punt is dus, die 144 000 is diegene wat suksesvol die aanslae van die draak, die uit die see en die uit die aarde weerstaan. En Paulus sê hy beywer hom daarvoor dat dit ook van die Korintiërs waar sal wees.

Op 14:4 leer ook dat hierdie 144 000 volg die Lam waar Hy ook al gaan. Hulle volg Hom onvoorwaardelik. Dit is waarvan Rom 12:1 praat – hulle wy hulleself aan God as lewende, heilige en aan God welgevallige offers. Ongeag wat die prys mag wees dat hulle daarvoor moet betaal. Onthou, die oopmaak van die vyfde seël – daar word die gelowiges beskryf wat doodgemaak is omdat hulle getrou gebly het aan God se Woord en die getuienis van die Lam. Dit beteken sekerlik nie dat alle gelowiges doodgemaak sal word weens hulle geloof nie. Maar selfs al sou dit waar wees, moet die gelowiges nie twyfel of hulle deel van die 144 000 is nie. Die duiwel en sy volgelingen het Jesus doodgemaak, hulle sal ook Sy volgelingen wil doodmaak. Maar die wat deel van die 144 000 is, bly getrou.

Op 14:5 leer daar het geen leuen uit hulle mond gekom nie. Onthou Jes 53:9b – “... omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in Sy mond gewees het nie”. Ons lees ook dat hulle onberispelik is. Wel, dit is natuurlik die gevolg van hulle redding, soos 1 Tes 5:23 dit uitdruk: “Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom.”

Implikasies vir ons

- Ons het in vers 4 ‘n besondere beskrywing van ware dissipelskap. ‘n Ware dissipel van Christus is enersyds iemand wat hom/haar nie besoedel nie deur deel te neem aan die afgodery om die draak te aanbid nie, en andersyds is dit iemand wat Christus volg waar Hy ook al gaan. Ware dissipels, ware volgelingen van die Lam draai hulle rug op die wêreld, en doen wat ook al die Lam van hulle vra – onvoorwaardelik, ongeag die gevolge, ongeag wat die wêreld daarvan sal sê. Hulle bedrieg nie. Hulle is onberispelik. Hulle is soos ‘n bruid op pad na die bruilofsmaal – hulle het net oë vir hulle Bruidegom!
- Ons kan die gevaar loop om mismoedig te word as ons lees van die draak, die uit die see en die uit die aarde en al die dinge wat hulle doen – juis ook dat hulle spesifiek die vrou in hulle visie het. Maar wat hierdie paar verse in Op 14 ons leer is om te onthou dat die Lam reeds in Sion is – gesalf as koning aan die regterhand van God. Boonop, die 144 000 kom juis daar by Hom bymekaar. Hulle het God se Naam en die Naam van die Lam op hulle voorkoppe, daarom is daar geen kwessie of hulle daar gaan eindig of nie. Die ergste wat kan gebeur, is dat hulle doodgemaak word – maar dan is hulle in Sion. Hulle oorwinning is seker. Geliefdes, in ‘n sekere sin is dit maklik om te sê hulle oorwinning is seker al word hulle doodgemaak. Maar sien ons kans hiervoor – om selfs doodgemaak te word? Jy kan alleen bereid wees om dit te doen, as jy werklik oortuig is jy eindig dan in Sion? Is dit vir jou ‘n werklikheid? Is dit iets waarna jy selfs uitsien? Of is dit dalk nog maar vir jou tweede beste – die beste is nog maar hierdie lewe, maar die hemel is darem beter as die ewige dood?
- Hierdie 144 000 sing ‘n nuwe lied. Dit moet ‘n skouspel wees. Dit klink soos geruis van ‘n groot watermassa, swaar donderweer, ‘n klomp sitterspelers en ‘n groot menigte wat sing. Dink aan goeie sangers. Een van die dinge wat ‘n sanger laat uitstaan, is wanneer die persoon met oortuiging sing, as die persoon werklik bedoel en beleef wat hy/sy sing. Wel, dit is wat hier gebeur: hierdie mense sing ‘n nuwe lied oor hulle redding. Hulle is elkeen persoonlik ‘n oorwinnaar uit die stryd teen die duiwel, die uit die see en die uit die aarde. Hulle oorwinning is behaal omdat hulle deur die Lam losgekoop is. Hulle weet dit. Hulle is oortuig daarvan. Hulle het die stryd en die verlossing uit die stryd beleef. Hulle

bedoel dus elke woord wat hulle sing. Maar daar is nie net een wat dit sing nie – daar is 144 000! Nee, daar is 'n groot menigte! En dan het ons nog nie eens gepraat van die duisende der duisende engele wat ook inval nie. Bedink hoe aangrypend dit moet wees!

Kom ons bid:

Lei my voort, O Hemelvader
Pelgrim in 'n dorre land
Ek is swak maar U is magtig
Hou my vas met U kragtige hand
O, my Vader, gee my krag om te volhard.

Hou my trou, O Hemelkoning
Sodat ek U steeds bely
In gevaar en in vervolging
Mag U lof my nooit ontgaan
Sterk Verlosser, U's my heil en U's my skild.

Wanneer ek die doodsdaal ingaan
Sal U hand my begelei
Dan skenk U die kroon van die lewe
O, hoe sal ek U dan loof
Lofgesange sal ek ewig vir U bring
Liefdesange sal ek ewig vir U sing